ES ARGIEF

Verw. PV 8

# INVENTARIS VAN DIE
# BURGERS VAN MIDDELBURG-VERSAMELING

Saamgestel deur: Z. Botha

Maart 2016

Voorwoord:

Alweyn Petrus Burger is ‘n jaar voor die stigting van die dorp Montagu op die plaas Concordia in die Koovallei op 10 Mei 1853 gebore, en in die gemeente Swellendam gedoop.

Op 19 is hy na Stellenbosch se “Gymnasium” om hom vir toelating tot die kweekskool te bekwaam. Ná sy legimitasie in Oktober 1883 het hy en ‘n ander proponent in 1884 na die noorde gereis om die enigste drie NG predikante in die ZAR te gaan bystaan. 1)

Daar het hy in 1884 ‘n beroep van die gemeente Philidelphia (later Middelburg) aanvaar en vir 44 jaar in die gemeente bedien. In die jaar trou hy ook met Adriana Petronella Geertruida (Janie) Boshoff.

Na die aankoop van die plaas Sterkfontein in 1864 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk Lydenburg, en die stigting van ‘n selfstandige gemeente te Middelburg TVL in 1867, is ‘n klein grasdak kerkie gebou en deur besoekende predikante bedien.

Met die koms van die tweede prediker Ds. AP Burger, het daar vastigheid en vooruitgang ingetree. Nadat hy sy gemeente, wat vanaf Ermelo tot Louis Trichardt te perd besoek het, was sy eerste belangrike taak om die vergadering van kerkhereniging in 1886 by te woon. In die tyd was daar ook sprake van die bou van ‘n nuwe kerk en op 2 April 1887 is die hoeksteen van die nuwe groot kerk deur Ds. A P Burger gelê en in 1890 deur hom ingewy.2)

Gedurende die Anglo –Boereoorlog was hy vir meer as 2 jaar as kapelaan met die Middelburg –kommando in die veld, en is op 20 Februaure 1902 gevange geneem en na Indië toe gestuur waar hy in die Bhim- Tal krygsgevangenis- kamp aan die voet van die Himalajas aangehou is. Sy vrou en ses kinders is na die Howick –konsentrasiekamp gestuur waar hul tot na die oorlog aangehou is.

Na die oorlog het hy en sy vrou hul aan die opheffing van die verarmde gemeenskap gewy soos, deur die stigting van ‘n weeshuis op Middelburg en die werksgemeenskap op Lagersdrift, die onderwys weer op die been gehelp (deur stigtingvan CNO skole) en uitgebreide sendingaksies na Sekoekoenisland ( veral by Burger sendingstasie).

Gedurende die 44 jaar wat hulle in die gemeente gearbei het, het ds. en mev Burger soet en suur saam met die gemeente deurgemaak. Met die klimmende jare is hulle al meer beskou as die vader en moeder van die gemeente. Een besondere tyd waarin hulle saam met die gemeente in hul lief en leed gedeel het,was die grieptyd van 1918. 3)

Tot na sy aftrede in 1928 het ds. Burger en mev Burger tot aan hul dood op Middelburg bly woon.  Hy is oorlede op 10 Mei 1937.

Die dokumente is in ‘n baie goeie toestand, en besit waardevolle inligting vir navorsers wat betref  die krygsgevangenis - kamp Bhim-Tal  in Indië, die Howick-konsentrasiekamp in Durban, asook die kerklike ontwikkeling en geskiedenis  van Middelburg Transvaal rondom die einde van die 19de - begin  20ste eeu.

Inhoudsopgawe | Bl


**A. Jeugjare**
Die KOO 1
Studentedae 1
Montagu 1
Gesin 1

**B. Middelburg**
Die Kerk 1
Sending 1
Opheffing 1
Gesin- en Familie 1

**C. Anglo-Boereoorlog**
Bhim- Tal 2
Howick 2
Briefwisseling 2
Diverse 3